

7 April

Skrifgedeelte: Lukas 24:13-53

Fokusgedeelte: Lukas 24:50-53

Wag soos 'n bruid op die terugkeer van jou Bruidegom!

Vreugde, dankbaarheid en 'n onweersstaanbare verlange om God te prys het die lewens van die eerste Christene getipeer. Terwyl hulle gewag het om toegerus te word "met krag uit die hoogte", het hulle in gebed en smeking volhard (Hand 1:13, 14) en gereeld tempel toe gegaan om God te dank vir die verlossing wat Hy deur Christus bewerk het.

Die veertig dae tussen Pase en Hemelvaart moes vir die dissipels 'n tyd van heerlike ontdekkings gewees het. Dit is die tyd waarin hulle van leerlinge tot gevolmagtigde woordvoerders gepromoveer het, want hulle kon saam met Jesus agter die kruis en oop graf gaan staan en saam met Hom terugkyk op die gebeure van die afgelope drie en 'n halwe jaar. Menigmaal moes hulle sekerlik uitgeroep het: "Nou begryp ons vir die eerste keer!"

Jesus het sedert sy opstanding reeds 'n verheerlikte, hemelse liggaam gehad. Maar nou, by Betanië op die oostelike helling van die Olyfberg, moes Hy ná die voltooiing van sy middelaarswerk terugkeer na die Vader om daar in sy vólle heerlijkheid herstel te word. Terwyl Hy die dissipels geseën het, is Hy in die hemel opgeneem. So groots was hierdie gebeure dat die dissipels Hom spontaan aanbid het. Die hemelvaart was vir hulle die finale bewys dat hy inderdaad die Messias en Seun van God is! Daarom kon hulle met vreugde terugkeer Jerusalem toe. Hulle hartseer oor die afskeid is oorheers deur hulle nuwe insig en die sekere verwagting van sy spoedige terugkeer in heerlijkheid (Hand 1:11)!

Maak seker dat die vreugde en trou van die vroeë Christene ook in jǒu leef. Dit is immers dieselfde Christus wat byna 2 000 jaar gelede na die hemel toe opgevaar het, wat deur sy Gees in jou woon. Luister na die lieflike voetstappe van jou Bruidegom! Wees elke oomblik gereed om Hom te ontmoet!

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Ds JJ Cloete (Koster)